**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

12 Desember 2024

Geagte Ouer/Voog

**HOKKIETOERE VIR 2025**

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning in 2024. Ons sien uit na die nuwe hoofstuk en uitdagings van die 2025-seisoen. Daar sal deurlopend gekommunikeer word rakende die proewe.

Hoërskool Oos-Moot beplan om in 2025 weer die hokkiespanne op toere te stuur. Hou asseblief hierdie datums in gedagte wanneer u vakansieplanne maak. Meeste van die hokkie-datums is reeds bevestig en is op die skool se kalender beskikbaar.

| Spanne | Datums | Plek | Beraamde koste |
|---|---|---|---|
| Eerste dogterspan | 28 Februarie (Moontlik 1 Maart | St Mary's DSG | R 100 per speler |
| o.14 dogterspan | 28 Februarie en 1 Maart | Krugersdorp | R 500 per speler (Ry elke dag deur.) |
| Eerste dogterspan | 7 en Maart | Krugersdorp | R 500 per speler (Ry elke dag deur.) |
| Alle spanne (o.14-o.19, seuns en dogters ) | 31 Maart – 3 April | Bethlehem | R 4000 per speler |
| Alle seunspanne (Pretoria Beker) | 15-19 Mei | Pretoria | Deel van liga. |
| Noordvaal: Alle A-dogterspanne wat kwalifiseer na afloop van die liga. (Datums sal bevestig word.) | Derde kwartaal Laaste week van Julie – tweede week van Augustus. | Verskillende gasheerskole | R200 – R1000, afhangende van waar die toernooie aangebied word. |

Ons wil graag al die spelers na die toernooie stuur. Behalwe vir die nuwe vaardighede en tegnieke wat die spelers aanleer, bied dit ook geleentheid vir die spelers om mekaar beter te leer ken, spangees te ontwikkel en hope pret te hê.

Buiten die toere, NWU-reeks en ligas waaraan die spanne deelneem, word daar ook 'n hele aantal vriendskaplike wedstryde beplan om die spelers te help om wedstryd-ervaring op te bou.

Indien u weet van 'n besigheid of individu wat graag die hokkie as geheel, 'n spesifieke span, of minder-bevoorregte speler se toerkostes wil borg, sal ons dit hoog op prys stel. Ons sal items soos oefenhemde, *shinliners*, beffies vir oefeninge en wedstryde, opwarmingshemde en of waterbottels, ensovoorts baie waardeer.

Vir verdere navrae, kontak me. Linde Steyn op l.steyn@oos-moot.co.za

Oos-Moot groete

S THERON
TOESIGHOUDENDE HOOF

B PRETORIUS
SPORTHOOF

L STEYN
ORGANISEERDER